**MARIE DU TOIT - LAS EERS, SNY DAARNA**

'n Tegniek vir hand laslapwerk wat vining en maklik vir die beginner handwerker is. Met die tegniek word die materiaal in stroke gesny. Slegs een laag word gemerk. Nadat driehoeke gelas is word die werk uit gelê sodat pante in die regte oriëntasie gelas word. Groter driehoeke word korrek vas gespeld voor laswerk gedoen word. Waar klomp puntjies by mekaar kom moet dele gelig word sodat akkuraat op die presiese plek gelas word om skerp puntjies te verseker. Twee blokke van Sunshine and Shadow word gemaak om te sien hoe gelaste eenhede gekombineer word. Nog twee blokke kan tuis gemaak word om die tegniek vas te lê en 'n kussing oortreksel te maak.

**Klasbenodighede** **(**Twee patroonplate word verskaf- R80**)**
Daar moet 2 strykysters met strykplanke in die klas wees

1. Skerp HB potlood en skerpmaker.
2. Between of Sharp naald 10-12 grote (John James Big Eye needles word aanbeveel)
3. Spelde
4. Vingerhoed
5. Katoengaring- Aurafil, Metler of Guterman in 'n medium grys skakering.
6. 17 cm van 2 medium tot donker kleurige materiale en een room of beskuitjie kleur materiaal word benodig.
7. Snybord,multi- lyn liniaal in sentimeters of duime gemerk, rolsnyer
8. Goeie beligting is noodsaaklik, 'n leeslamp, verleng koord en Multiplug kan gerus saam gebring word.